

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
1 April 1979

Onderwerp: Demas

Lees: 2 Timótheüs 4 verse 1 tot 22

Teks: 2 Timótheüs 4 vers 10

Sing: Gesang 194 vers 1  
Gesang 227 verse 3 en 5  
Gesang 279

“Die laaste deel van Paulus se lewenswedloop was ’n eensame stryd. Hy het in ons teksgedeelte teenoor Timótheüs gekla dat niemand hom in sy verdediging bygestaan het nie en dat almal hom verlaat het. (2 Tim 4:16) Hy het verwys na vier groepe mense van wie hy afskeid moes neem. Daar was diegene wat hy agtergelaat het: Erástus in Korinthe en Trófimus in Miléte. Daar was ander wat vertrek het: Hy het Tíchikus na Éfese gestuur; Crescens na Galásië en Titus na Dalmásië. En daar was Demas: ‘Want Demas het my verlaat, omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het, en het na Thessaloníka vertrek’. (2 Tim 4:10) Dit was vir Paulus ’n diepe teleurstelling en onverbloemde smart.

“In die eerste instansie het dit hier om Demas gegaan. Hy was lank ’n beproefde medewerker van Paulus, ook in die laaste tydperk van Paulus se lewe toe hy ’n gevangene in Rome was. Dit het duidelik geblyk uit Paulus se brief aan die Kolossense dat Demas saam met hom in Rome gewerk het. Paulus het in sy brief aan Filémon geskryf dat Demas sy medewerker was. (Fil 23,24)

“As Paulus se metgesel en medearbeider in Rome, was Demas ’n kandidaat vir die skavot of die brandstapel. Maar daartoe was Demas destyds bereid gewees. Hy het ter wille van Jesus Christus die dood saam met Paulus getrotseer. Daarom kom Paulus se mededeling dat Demas hom verlaat het, as ’n onverwagte skok.

“Die werkwoord wat hier in die Grieks vir ‘verlaat’ gebruik word, kan ook vertaal word met ‘om in die steek te laat’. Trouens die Nederlandse Bybel sê dan ook dat Demas Paulus in die steek gelaat het. Dit was ’n werkwoord wat Paulus selde gebruik het; en wat nie

dikwels in die res van die Nuwe Testament voorgekom het nie. Waar dit wel voorgekom het, was in Jesus Christus se vierde kruiswoord, waar Hy die helse smarte wat Hy aan die kruis moes verduur het, uitgekla het: 'My God, my God, waarom het U My verlaat?' (Matt 27:46)

"Demas se verlating was vir Paulus 'n droewige ervaring en het hom diep aangegryp. Nie alleen omdat Demas hom in die steek gelaat het nie, maar veral omdat Demas vir Jesus Christus in die steek gelaat het. Ja, want buiten Paulus, het Demas ook met Jesus Christus gebreek. Demas wat Jesus Christus eenmaal gekies het, het hom van Jesus afgekeer. Hy het sy rug gedraai op Jesus se heil, sy bloed, sy verlossing en sy liefde. En dit alles uit liefde vir die teenwoordige wêreld.

"Laat ons nie daaruit aflei dat Demas die pad van die Verlore Seun gevolg het nie. Dit is moontlik, ja selfs waarskynlik, dat hy in Thessaloníka as 'n eerbare burger van daardie stad gelewe het.

"Die teenwoordige wêreld kan opsigself gaaf en goed wees. Volgens Jesus se duidelike leringe het Hy onder andere vader, moeder, vrou, kind, huis en akker, kuns en wetenskap ingesluit as onafskeidbare dele van die teenwoordige wêreld. Die teenwoordige wêreld is die dinge, mense en gebeurtenisse rondom ons te midde waarvan ons werk en lewe. Dít is die teenwoordige wêreld wat Demas liefgekry het.

"Daarmee was daar opsigself gesien, niks mee verkeerd nie. Die teenwoordige wêreld is ook God se wêreld. Daarom is dit ook vir 'n Christen geoorloof om die teenwoordige wêreld lief te hê. Trouens God het ook die wêreld lief: 'Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.' (Joh 3:16) En die Evangelie leer ons dat Jesus Christus die skoonheid van die lelies, die sang van die voëls en die speel van die kinders raakgesien het.

"Maar Demas se probleem, soos ook die probleem van vele ander voor en na hom, was dat hy groter liefde vir die teenwoordige wêreld gekry het as vir Jesus. Hy het sy hart op die teenwoordige wêreld gesit.

"Die teenwoordige wêreld staan teenoor die toekomstige wêreld en teenoor die koninkryk van God. Demas het daartoe gekom om uit die teenwoordige wêreld alles te haal waarna sy siel gehunker het. En daarmee was hy tevrede. Só volkome het hy in die

teenwoordige wêreld opgegaan, dat hy nie langer na die koninkryk van God gehunker het nie. Hy het só tuis geword in die teenwoordige wêreld, dat daar by hom geen behoefte meer was om die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek nie. Daarom kon Demas ook nie begryp dat Paulus homself kon laat martel ter wille van die toekomstige koninkryk nie. En die res volg vanself. Hy het sy amp neergelê, Paulus verlaat en na Thessaloníka vertrek.

“n Skrywer het tereg gesê dat daar nooit in die geskiedenis ’n tyd was dat hierdie wêreld, die teenwoordige wêreld, aan ons ’n aangenamer verblyf aanbied as juis nou nie. Die wetenskap, tegniek en outomatisering het die arbeid op ongekende wyse vergemaklik. Ons is van die wieg tot die graf versorg. Vir alles is daar ’n polis: vir ons eie lewens, tot selfs die graan op ons lande. Daar word al minder ’n beroep op die verantwoordelikheid van die mens gedoen. Pers, radio, televisie en duisende ander middels van vermaaklikheid is tot ons beskikking. Daar is soveel uit die teenwoordige wêreld te haal. Dit het só gerieflik geword hier, dat die mens al minder na die toekomstige wêreld verlang.

“Dan kom vrae soos die volgende in ’n mens se hart op: Waarom sal ons ons só inspan vir die koninkryk van God? Waarom altyd weer die stryd teen die sonde aanknoop? Waarom onself verloën, terwyl vele vir genot en weelde lewe? Waarom die sout van die aarde en die lig van die wêreld wees? Is die lewe hier nie goed genoeg nie?

“Daardie eindverwagting kan nie anders as verderf wees nie. Só was dit eenmaal in die tyd van Noag. Só sal dit ook wees met die wederkoms van Jesus Christus. Só redeneer meer as een in ons dag en dit loop daarop uit dat die koerant en die tydskrif veel meer inhou as die Bybel. Die televisie word verkies bo die aanddiens en die biduur. Plesierplekke word Sondae opgesoek, in plaas van God se huis. En wie sover gekom het, is reeds besig om die koffers te pak om na Thessaloníka te vertrek. Laat ons gewaarsku wees teen die aantrekkingskrag van die wêreld.

“Wie sou kon sê watter heillose gevolge die vertrek van Demas ingehou het? As ’n mens verraad pleeg teenoor die saak van God, word dit altyd gevoel. Wie sou kon dink hoe dit Paulus ontmoedig het? En dit juis in daardie laaste moeilike deel van sy lewe in die tronk in Rome. En tog het hy moedig voortgestry. Hy het die wedloop voleindig. Hy het die geloof behou.

“Maar wat ’n aangrypende teenstelling! Paulus se volharding teenoor Demas se kapitulasie. Daarom het Paulus in hierdie laaste brief die vrymoedigheid gehad om aan Timótheüs en ook aan u en my te sê: ‘Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is’. (2 Tim 3:14) ‘Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van ’n evangelis; vervul jou bediening.’ (2 Tim 4:5)

“En wat het van Demas geword? Ons kan nie met sekerheid sê nie. Wat hom betref, sak die gordyn oor sy lewe met die woorde van ons teks.

“Hierteenoor is daar ’n tradisie wat beweer dat Demas later een van Paulus se bitterste vyande was; en dat hy feitlik ’n Judasfiguur teenoor Paulus was.

“Dit kan waar wees. Louheid in die geestelike lewe lei maklik tot koue vyandskap. Teësin vir die dinge van die HERE gaan maklik oor in haat. Jesus Christus het gesê: ‘Hy wat nie met My is nie, is teen My’. (Matt 12:30) Wie ’n vriend van die wêreld wil wees, word ’n vyand van God.

“Daar is ook ’n ander tradisie wat beweer dat Demas later teruggekeer het. Die moontlikheid is nie uitgesluit nie. Hy het gelukkig na Thessaloníka gegaan waar daar ook ’n gemeente van God was.

“Ja, dit kan wees dat toe Demas sy koffers gepak het, Jesus saam met hom na Thessaloníka vertrek het. Dit is wat die gelykenis van die verlore skaap ons leer. Jesus Christus lê sy hand van liefde op elke Demas wat wegtrek na die teenwoordige wêreld en Hy sê: Demas, kom terug waar jy hoort.

“Mag elke Demas van ons dag hierdie woorde hoor en kom.

“Amen.”